

11 September

Skrifgedeelte: Handeling 4:13-21 (OAV)
Fokusgedeelte: Handeling 4:18

Verbied om die gesonde leer te verkondig

Die boek Handeling fokus spesifiek die aandag op die vestiging van die kerk van Jesus Christus hier op aarde. Ons lees vroeër in die hoofstuk (vs 4) hoe die getal gelowiges gegroei het deur die verkondiging van die Woord en die wondertekens van die apostels.

Nou word Petrus en Johannes in 'n spesifieke situasie geplaas. Aan die een kant is Jesus se opdrag in Matteus 28:19-20 dat die Woord aan al die nasies verkondig moet word, nog vars in hulle geheue. Aan die ander kant (vs 18) gee die Joodse Raad opdrag dat hulle nie meer in die Naam van Jesus mag spreek of leer nie.

Die implikasie vir ons as Christene vandag is dat ons onderdanig moet wees aan die wet wat oor ons aangestel is, totdat die wet in teenstelling is met die Wet van God (vs 19).

Dit was Jesus se antwoord aan die Fariseërs toe hulle die dissipels wou keer om die Woord te verkondig (Luk. 19:40): *Ek sê vir julle, as hulle swyg, sal die klippe uitroep.* Dit wil sê: God is ernstig daarvoor dat sy Woord verkondig moet word, sodat dié wat vir die ewige lewe verordineer is, gelowig kan word (Hand. 13:48) – *“En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer was tot die ewige lewe.”* Hierin sien ons die leer oor die uitverkiesing so mooi in verhouding met ons taak om die evangelie te verkondig.

Uit dankbaarheid vir ons verlossing het ons elke dag die opdrag om God se Woord te verkondig. In die woorde van Paulus in 1 Korintiërs 2:2 – *“... want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus en Hom as gekruisigde.”*

Laat ons daarom leef uit die troos van hierdie evangelie met die wete dat God se Woord skeppingsmagtig is en nooit sal vergaan nie. Laat ons Christus se opdrag in Matteus 28:19 opnuut aangryp in afwagting op sy terugkoms, waar Hy ons as God se kinders oor die uithoeke van die aarde sal versamel.

Sing: Psalm 118:12 (1936)

Teologiese Student Frikkie van Rensburg